
Union Parkgate Kerkstr. 693 Pretoria '85



# Die nuwe Pretoria

UNION PARKGATE, Kerkstraat 693, Pretoria – 'n deftige naam en adres vir 'n besonder deftige hoofingang en ingangsportaal.

Dié gebou is een van die allermooiste voorbeelde van die aantreklike Internasionale Styl van die jare dertig. Die planne is in 1939 ingedien met L. Elk as argitek. Tipiese elemente van die styl is bv. die prominente baksteentorings aan weerskante, met die vlagpale bo-op. Die twee ronde pilare toon ook die invloed van die stoomboot-passasierskipargitektuur. Opmerklik is die vierkantige glasbakstene tussen die pilare, die patroon van sirkels in gietyster bo die elegante houtraamdeure en die groot blompotte weerskante van die trappe.

Die deftige hyserportaal het 'n wit marmervloer, donker houtpaneelwerk en besondere ligte.

**Teks en tekening: HANNES MEIRING**

Beeld 20.3.85